

5

DOOP: TEKEN VAN DIE VERBOND

Wat is die betekenis van die Doop?

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat die Doop die teken is van die nuwe verbond wat God met ons in Jesus Christus sluit.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- Jesus gee self die opdrag om mense in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop.
- God het Jesus gestuur om al ons sondes op Hom te neem.
- wie gedoop is en in Jesus glo, se sondes word vergewe.
- die verbond wat God in Jesus met die mens sluit, is 'n genadeverbond.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat ons in God se genade kan deel.
- dankbaar wees dat die Heilige Gees in ons harte woon.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die betekenis van die Doop kan oortel.
- vir mekaar omgee en vir mekaar bid.

MEER INLIGTING (Matteus 28: 19-20; Handeling 2: 37-42)

Jesus het aan sy dissipels die opdrag gegee om die evangelie aan al die nasies te verkondig. *Evangelie* beteken om goeie nuus te kry, nuus wat jou gelukkig en bly maak. Die goeie nuus is dat Jesus al ons sonde vergewe het. As mense hierdie goeie nuus gehoor en in Jesus geglo het, moes die dissipels hulle doop. Hulle moes die mense in die Naam van die Vader en die

Seun en die Heilige Gees doop. Hulle moes die mense ook van Jesus leer. In Handeling 2: 37-42 lees ons dat die dissipels gehoorsaam was aan hulle opdrag. Hulle het mense van Jesus geleer en dié wat in Jesus geglo het, gedoop. Die dissipels het die mense geleer dat as hulle in Jesus glo, hulle sondes vergewe is. Die Doop is die teken wat 'n mens ontvang dat God jou sondes vergewe. Die Doop is die bewys dat God 'n verbond met ons het. 'n Verbond is iets soos 'n kontrak of 'n ooreenkoms wat God met ons gemaak het. In hierdie ooreenkoms het God belowe dat Hy ons sal liefhê en vir ons sal sorg. Die belangrikste versorging wat ons van God kry, is dat Hy ons sonde vergewe het. Dit beteken Hy het dit weggevat, Hy dink nooit weer daaraan nie. Omdat God al die verlossingwerk van sy kant af doen en ons geen bydrae lewer nie, noem ons dit 'n genadeverbond. Ons doop verseker ons dus dat Jesus uit liefde ons sonde met sy bloed afgewas het.

Omdat dit God is wat ons red, word ons gered nog voordat ons gebore word. Ouers wat in die Here glo, se kinders is reeds van geboorte af God se kinders. Daarom het ons die gebruik in die Kerk om babatjies te doop. Wanneer ouers hulle babatjies doop, belowe hulle vir die Here dat hulle hulle kinders van Jesus sal leer. Dit is hoekom dit so belangrik is om te kerkiseer. Tydens kategetiese leer ons wie die Here is, wat Hy vir ons gedoen het en hoe ons uit dankbaarheid moet gaan lewe. Dit is ook baie belangrik dat ons eredienste sal bywoon. In die erediens leer ons op 'n ander manier deur die prediking nie net van Jesus nie, maar sien ons ook wanneer babatjies gedoop word en die Nagmaal bedien word dat Jesus ons waarlik verlos het. Die Doop word normaalweg in die erediens bedien. Wanneer kinders gedoop word, word dit altyd in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoen. Die Doop word met water bedien. Water is die teken of simbool wat ons herinner aan die bloed van Jesus wat aan die kruis vir ons gevloei het. Jesus se bloed was ons skoon van al ons sondes. Wanneer 'n mens gedoop is, dra jy vir die res van jou lewe die teken dat Jesus jou Verlosser is.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Lidmaatboekie.

Belangrike nota vir Les 6

- Tref reëlings met die verantwoordelike persoon in die ouetehuis of met bejaardes tuis oor die besoek as Les 6 behandel word.
- Gee vir elke kind 'n vrywaringsbriefie wat hulle ouers moet teken dat hulle volgende week 'n ouetehuis of bejaardes tuis mag gaan besoek.
- Tref 'n reëling oor die verwagte tyd dat julle volgende Sondag weer by die kerk terug gaan wees, en laat die kinders dit in hulle boeke neerskryf.
- Sorg dat jy voldoende vervoer gereël het.
- Maak seker dat jy genoeg *kospakkies* gereël het vir die bejaardes wat besoek gaan word.

KOM ONS BEGIN

Laat een van die kinders met 'n gebed open.

HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer die opdrag van Les 3.
- Laat die kinders hulle e-posboodskappe wat hulle aan hulle maats geskryf het, voorlees.
- Kontroleer of hulle die antwoorde ken.

Kolom A	Antwoord	Kolom B
1. Saad.	E	A. Hy wat die Woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem. Hulle geloof hou net vir 'n kort rukkie.
2. Die saad op die pad.	B	B. Die mense wat die Woord van God hoor. Die duiwel neem dit uit hulle harte weg sodat hulle nie tot geloof kom nie.
3. Die saad op die klipbanke.	A	C. Dit dui op die mense wat met 'n goeie en opregte hart hoor wat die Bybel sê, en dit bewaar.
4. Die saad val tussen die onkruid.	D	D. Hoor wat die Bybel sê, maar as gevolg van al die rykdom en kamstige lekker dinge in die wêreld, word dit verstik.
5. Die saad op die goeie grond.	C	E. Dit is die Woord van God (die Bybel).

Kontroleer ook die volgende wat hulle moes leer:

- Wat is 'n gelykenis? *Dit is 'n verhaal wat vertel is om 'n boodskap beter te verstaan.*
- Waarop dui die saad? *Dit dui op die Woord van God.*
- Op watter wyse praat God met ons? *God praat in verstaanbare taal met ons.*
- Waarop dui die saad wat op die pad geval het? *Dit dui op mense wat die Woord van God hoor, maar die duiwel neem dit uit hulle harte weg sodat hulle nie tot geloof kom nie.*
- Waarop dui die saad wat op die klipbanke geval het? *Dit dui op die mense wat die Bybel met blydskap aanneem wanneer hulle dit hoor. Hulle lewe nie volgens die Woord van God nie. Hulle geloof hou net 'n kort rukkie.*
- Waarop dui die saad wat tussen die onkruid geval het? *Dit dui op die mense wat die Bybel hoor, maar as gevolg van al die rykdom en die lekker dinge in die wêreld, vergeet hulle weer daarvan.*
- Waarop dui die saad wat op die goeie grond geval het? *Dit dui op die mense wat met 'n goeie en opregte hart hoor wat die Bybel sê, en dit wat hulle hoor, gaan uitleef.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

In Matteus 28: 16-20 lees ons dat Jesus aan sy dissipels die opdrag gee om mense te gaan leer en te gaan doop. Jesus het ook die opdrag gegee om die evangelie aan al die nasies te verkondig. Om die evangelie te hoor, beteken om goeie nuus te kry, nuus wat jou gelukkig en bly maak. Die goeie nuus is dat Jesus al ons sonde vergewe het. As mense hierdie goeie nuus

gehoor en in Jesus geglo het, moes die dissipels hulle doop. Hulle moes die mense in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees doop.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING om die betekenis van die Doop by die kinders tuis te bring.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer in:

- Jesus het aan sy dissipels die opdrag gegee om die goeie nuus dat hulle sonde vergewe is, aan alle mense te gaan vertel.
- Dit is nuus wat jou gelukkig en bly maak.
- As mense hierdie goeie nuus gehoor en in Jesus geglo het, moes die dissipels hulle doop.
- Hulle moes die mense in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees doop.
- Hulle moes die mense ook van Jesus leer.
- Die Doop is die teken wat 'n mens ontvang dat God jou sondes vergewe.
- Die Doop is die bewys dat God 'n verbond met ons het.
- 'n Verbond is die ooreenkoms waarin God belowe dat Hy ons sal liefhê en vir ons sal sorg.
- Die belangrikste versorging wat ons van God kry, is dat Hy ons sonde vergewe het.
- Omdat God al die verlossingwerk van sy kant af doen en ons geen bydrae lewer nie, noem ons dit 'n genadeverbond.
- Ons het die gebruik in die Kerk om babatjies te doop.
- Ouers belowe vir die Here dat hulle hulle kinders van Jesus sal leer.
- Dit is hoekom dit so belangrik is om te katekiseer.
- Wanneer 'n mens gedoop is, dra jy vir die res van jou lewe die teken dat Jesus jou Verlosser is.

IETS OM TE DOEN


Laat hulle die blokkiesraaisel invul:

DWARS

1. Die dissipels moes die verkondig aan al die nasies.
3. Jesus belowe dat ons gered is omdat Jesus al ons sondes op Hom geneem het. Ons noem dit die
5. Mense wat glo dat Jesus hulle is, moet gedoop word.
7. Wie gedoop is en in Jesus glo, se sondes word

AF

2. Wanneer kinders gedoop word, word dit altyd in die Naam van God-enig gedoen.
4. Die water is die teken van die van Jesus.
6. Omdat dit God is wat ons red, word ons gered nog voordat ons is.
8. In die sien ons wanneer babatjies gedoop word.



BY DIE HUIS

Hulle moet –

- onthou om volgende Sondag eetgoed vir die besoek aan bejaardes saam te bring.
- by Les 6 se EK HET GEDOEN EN KAN ONTHOU hulle lidmaatboekie, wat hulle ontvang het met hulle doop, invul.
- die feite gaan leer.

VOOR AFSLUITING

Belangrike nota vir Les 6

- Gee vir elke kind 'n vrywaringsbriefie wat hulle ouers moet teken dat hulle volgende week 'n ouetehuis of bejaardes tuis mag gaan besoek.
- Tref 'n reëling oor die verwagte tyd dat julle volgende Sondag weer by die kerk terug gaan wees, en laat die kinders dit in hulle boeke neerskryf.

- Reël voldoende vervoer.
- Reël genoeg kospakkies of geskenkies met spesifieke ouers vir bejaardes wat besoek gaan word.
- Sorg dat jy enkele kinders laat voorberei om 'n stukkie uit die Bybel te lees en 'n gebed te doen.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 290 as 'n gebed. Wys daarop dat daar na die **Vader**, vers 2, die **Seun**, vers 3, en die **Heilige Gees**, vers 4, verwys word in wie se Naam ons gedoop word.

*Dit is my troos dat ek gedoop is,
dat ek gedoop is in u Naam,
want deur die doop is ek verseker
dat U in guns U nooit nie skaam
as Vader, Seun en Heil'ge Gees
om ook my God genoem te wees.*

*Dit is my troos dat U as Vader
Usself in trou aan my verbind
en dat U in u milde liefde
my neem as erfgenaam en kind;
dat U die kwaad van my wil weer
of anders tot my beswil keer.*

*Dit is my troos dat U, Heer Jesus,
as Seun my deur u bloed wil was;
dat U my inlyf in u sterwe
en vrymaak van my sondelas;
dat U my met U óp laat staan
en op 'n nuwe weg laat gaan.*

*Dit is my troos dat U vir ewig,
o Heil'ge Gees, in my wil woon.
U wil my heilig en steeds voller
die beeld van Christus laat vertoon.
So maak U tot my eiendom
als wat ek reeds besit in Hom. Amen.*